Geliefde Lourensrivierder

Hierdie week se fokusteks het mens darem diep laat dink (opsomming is onderaan).... Ons het gisteraand in ons omgeegroep maar net weer tot die “onbesefbare” besef gekom dat ons ‘n God aanbid wat ons eerste liefgehad het en dat Hy ons God WIL wees ten spyte van ons “menswees” (Jer 31:33). Hy het ALLES gedoen om dit vir ons moontlik te maak om Sy kinders te wees.
Kyk wat skryf Isak Burger: “God het die mens as ’n morele wese geskape, ’n wese wat keuses kan maak en vír of téén Hom kan besluit. God is egter die Een wat die inisiatief neem: Hý reik uit na die mens; Hý roep; Hý nooi. Die mens het egter die keuse oor hóé hy op hierdie uitnodiging gaan reageer, of hy vir die Here “ja” of “nee” gaan sê.” In kort dus – ‘bekering’ is my “ja” op die roepstem van die Here. En dis hierdie “ja” wat die Heilige Gees toelaat om in my lewe te kom en om my gees wat van nature dood was, lewend te maak, sodat ek ook Sy kind kan wees.”

Sjoe, hieroor kan mens vir dae broei😊

Laat weet my as jy belangstel om die hele gedeelte te lees, dan stuur ek dit vir jou per epos.

NUUSKRUMMELS: 23 AUGUSTUS 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Onthou tog van die lekkerste Kuier, Klets, Kou en Kosdag in die jaar♫♫

Kaartjies by kerkkantoor beskikbaar vanaf **21 Augustus**:
Potjiekos (o.a. Wildsvleis pot, Waterblommetjie pot, Kerrie Hoenderpot, Lasagne pot, Oxtail pot) @ R50 pp
Rolletjie met boerewors @ R20
Rolletjie met Hoendersosatie @ R20
Indien jy nog iewers wil help of betrokke raak, kontak asb vir:
Gerda de Villiers – 021-8547191 / 0824664766
Apolonia Maritz -021-8537560 / 0825077091

INDIEN JUL NIE BY KANTOOR KAN UITKOM, MAAR STEEDS WIL BYDRA, SKAKEL 021 853 5991
☺ **KINDERVERMAAK:** Benodig items vir Tombolatafel bv Speelgoed, Skryfbehoeftes ens (vir pryse)
☺ **GROOTKOEKE:** Om suksesvol te wees, benodig die koektafel 25-30 TUISGEBAKTE koeke. Enige geur, tipe en vorm sal baie welkom wees. Skakel/ WhatsApp asb vir Judy Potgieter (082 599 4941) teen 24 Aug. 2018 om bydrae te bevestig.
☺ **KAASKOEK & SUURLEMOEN MERINGUE TERT**:
Die kaaskoek en suurlemoen meringue tafel benodig 10-15 koeke/terte om suksesvol te wees. Skakel/ WhatsApp asb Jeanne Botha (021 853 84 89/076 153 9805) vir die kaaskoeke teen 24 Aug. 2018 om bydrae te bevestig.

VIR EFT’S/FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier; ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312); Rek. Nr. 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kantoor, fin@lourensrivier.co.za met verwysing (Naam & Basaar)
Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

Baie baie dankie en vriendelike groete, Voedselfeeskomitee

WOEKERHOEKIE:

VIR EFT'S OF FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312)
Rekeningnommer: 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of
faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & produk of voedselfees)
Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

SA HUWELIKSWEEK, 1-7 SEPTEMBER, IS OM DIE DRAAI♫♫

Meer nuus vroeg volgende week.....

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

Have you saved the Date?
13/14 October 2018

We are now just over 2 months away to our Battle of the Bands October CANSA Relay For Life Helderberg Event. Please remember to enter your team and pay your R100 deposit. Those that have started with fundraising you can start depositing into CANSA account. Remember to use HLD and Team name as ref. We need teams to Relay and if you know of anybody that wants to enter a team please forward this mail to them or send me there email address so that I can mail them.
Our Date was changed from February to October due to request from many teams which gives more time to prepare your teams before the Christmas break.

We have finalised the following:

***Date – 13/14 October * Venue – Hottentots Holland High School *Medics – Immediate Medical *Photographer – Elana.photography *Security - Secure Pro *Survivors – Any new names welcome – just let me know so that we can invite them to this great event.

Busy finalising:

***Entertainment *Food Stalls *MC, Music and DJ.

We need:

***MoreTeams *More Survivors Please send through contact details so that we can invite them to our Relay *Day Visitors

As you can see the committee has been working very hard and we are almost finished with all the major organising. So please do not delay enter your team today and help us make this Relay the Best Relay ever. Contact me for Registration form. You can start paying your Team entry Fee and also any fundraising money you can also start depositing now. If you have any company willing to sponsor CANSA can issue an 18A Tax Certificate.
If you have any questions please to do hesitate to let me know and I will gladly respond.

Lucille Kruger
Team Chairperson: 0729286135

Greetings dear #C4C Supporter

I have some feedback on our #MISSION_CERES OUTREACH.

We [Wac_youth and C4C] will be a team of 25 people going on an Outreach to Ceres on 5/6/7 October 2018.

Our program will consist of the below:
- Doing maintenance and garden work in town at a local "Hawelose Restaurant"
- Working on farms with Cecil De Kock from Patmos Ministry
- Showing the Jesus-Film
- Sharing the Gospel in the streets of Ceres
- Working with the kids [Poppekas, Games, Face Paint, Ball Sports]

Please pray with us for this Outreach and that the Lord will prepare the ground for a grrrreat harvest!
If you would like to make a contribution/sponsor towards our Outreach - please don't hesitate to contact me [details on the signature of the email].

There are a few of the youth who cannot pay the R300 for the Outreach and we are also looking for sponsors for t-shirts [your logo will go on the back], for Living Balls [2 x Rugby and 2 x Netball] and for the Hawelose Restaurant [Gas Burners, Paint, Blankets].

Thank you and have a blessed week!

Regards, Vinnie Favero
Founder/Leader - Cycling 4 Christ
c: 0834420082
e: info.cycling4christ@gmail.com

BERG 80 VERJ: SEPTEMBER 2018

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Van Onselen	Joey	09/02	91
Van Zijl	Burrie	09/06	82
Arangies	Helena	09/09	88
Langenhoven	Hennie	09/17	83
Loxton	Anstone	09/23	81
Smith	Helene	09/23	87
Oosthuizen	Marie	09/26	87
Kotzé	André	09/29	87
Pienaar	Nico	09/29	88

Baie liefde en seën

Ps. 91:4
Hy beskut jou onder Sy vleuels
En is vir jou 'n veilige skuilplek
Sy trou versterk jou aan alle kante

KNIEWERK

- Bid vir ons leraars, verskillende bedieninge en Gemeente
- Paul Louw (kanker)
- Lenie van Zyl sterk aan in Spescare
- Fransie de Jager vir herstel na skoueroperasie
- Ons innige meegevoel met Annalien Volschenk en familie met die heengaan van haar man, Jan
- Ons loof die Here en dank Hom vir nog reën wat Hy sal stuur en damvlakke wat verder sal styg.
- Ons bid dat die gemeenskap steeds water sal bespaar.
- Bid vir ons land se leiers

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 26 AUGUSTUS SE BOODSKAP: JOH. 6:56-69 (14DE WEEK IN KONINKRYKSTYD – TALITHA - NAGMAAL)

Dat die dissipels Jesus nie verstaan nie, en selfs daaraan aanstoot neem, dui aan dat hulle nie van God gebore of van Bo gebore is nie (1:13; 3:3). Sonder die werk van die Heilige Gees kan hulle nie begryp nie. Jesus belowe lewe, maar 'n groot groep dissipels, saam met die skare, kan dit nie glo nie.
Aan die einde van die hoofstuk is dit net die twaalf dissipels, die binnekring, wat nog by Jesus is. Jesus wil weet of hulle nie ook wil weggaan nie. Hierdie vraag ontlok Petrus se belydenis:
Here, nie wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat die ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is. (68v)
Die Twaalf het gehoor wat Jesus sê, en begin dit verstaan. Terwyl hulle nog nie alles verstaan nie, en sukkel en struikel wanneer die krisis van Jesus se inhegtenisneming kom, is hulle tog anders as die res wat bloot van Jesus wegdraai. Hulle is die eerste wat glo. Op grond van hulle getuienis, sê die Johannes-evangelie later, sal baie ander tot geloof kom (20:30-31).

Waar hoofstuk 6 begin met meer as vyfduisend mense teenwoordig, eindig dit prakties gesproke met 11 gelowiges! Jesus se onderrig het nie tot 'n massabekering gelei nie. Die woorde in Johannes 1 word vervul:
Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie (1:11);
Die lig skyn in die duisternis (1:5) ... en tog het die wêreld Hom nie erken nie (1:10)

Uit onsself is ons nie in staat om die eerste tree van geloof in God te gee nie.
Die vraag vir vandag is seker: hoe weet ek dat ek 'n geloof het wat God gegee het? 'n Baie belangrike vraag!
Geloof is om vas te gryp aan God, al kan jy niks daarmee verdien en niks daarmee regkry nie … maar vertrou dat God dit kan gebruik, God dit waar kan maak. Soos 'n Petrus: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is."

Hillsong het só ‘n mooi liedjie oor die “oorgee” van ons self:
Kliek op skakel: https://www.youtube.com/watch?v=jgsqfjRslzA

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier